CAPESPAN

we deliver

CAPESPAN GROUP HOLDINGS BEPERK
VOORLOPIGE RESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2008

INHOUD

Verkorte inkomstestaat 1

Inkomste 2
- Bedryfswins
- Buitengewone items
- Finansiële inkomste
- Wins voor belasting

Belasting.....3
- Verdienste per aandeel

Balansstaat 4
- Aandeelhouersekwiteit
- Kontantvloei
- Dividend
- Herstrukturering van aandeelhouding.. **5**
- Vooruitsig..... **5**

Groep Inkomstestaat 6

Verdienste per Aandeel.....6

Groep Kontantvloeistaat.....6

Groep Balansstaat 7

Staat van Verandering in Ekwiteit 8



Verkorte inkomstestaat

	2008 R m	2007 R m	% Verandering
Groepinkomste	**2 424.2**	**2 143.7**	**13.1%**
Aangepaste VVRB*			
- moedermaatskappy en filiale	140.0	75.9	84.5%
- aandeel van verwante maatskappye	28.0	22.8	22.8%
Totale aangepaste VVRB	**168.0**	**98.7**	**70.2%**
Netto rente-inkomste	36.4	26.3	38.4%
Aangepaste wins voor belasting**	**204.4**	**125.0**	**63.5%**
Wins met verkoop van beleggings / verwante maatskappy	0.5	-	
Wins met verkoop van vaste bates	0.3	0.8	
Waardedaling van vaste bates	(0.2)	(32.9)	
Waardedaling van klandisiewaarde	(4.4)	(4.0)	
Belasting van verwante maatskappye	(4.7)	(5.9)	
Wins voor belasting volgens inkomstestaat	**195.9**	**83.0**	**136.0%**
Belasting	(66.3)	(32.2)	105.9%
Minderheidsbelang	(0.1)	(1.2)	-91.7%
Wins toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers	**129.5**	**49.6**	**161.1%**
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**32.8**	**20.0**	**64.0%**

* **VVRB** (Verdienste voor Rente en Belasing) is bedryfswins, met uitsluiting van waardedalingsverliese, wins met verkoop van beleggings, netto rente en belasting, en met insluiting van die ekwivalente aandeel van wins van verwante maatskappye voor belasting.

** **Aangepaste wins voor belasting** sluit die aantastingsbedrae, wins met verkoop van beleggings, en die Groep se aandeel van belasting van verwante maatskappye uit.

Inkomste

Die Groep se inkomste het met 13,1% van R2,14 miljard tot R2,42 miljard toegeneem en kan hoofsaaklik aan die Vrugtedivisie toegeskryf word. Die verhoging in die divisie se inkomste was die gevolg van hoër pryse wat in die mark behaal is en die uitwerking van die devaluasie van die Rand teenoor die Groep se belangrikste geldhandelseenhede. Die maatskappy was in staat om gemiddelde betalings aan RSA-voorsieners met tussen 23% en 46% te verhoog na gelang van die vrugsoort. Die Logistieke Divisie het groei in die hawe-eindpuntgeriewe getoon, maar hierdie toename is teengewerk deur die afname in inkomste uit verskeping. Laasgenoemde het ontstaan as gevolg van 'n verandering in die aanwending van die skepe omdat daar hoofsaaklik met die skepe handel gedryf is in die skeepshuurmark eerder as wat die skepe in die vrugtehandel gebruik is.

Bedryfswins

Aangepaste VVRB het van R98,7 miljoen tot R168,0 miljoen toegeneem, wat 'n verhoging van 70,2% verteenwoordig. Dit is die beste resultate wat die Groep in sy 10 jaar bestaan gelewer het. Die resultate kan toegeskryf word aan 'n beduidende toename in die bedryfswins van die Vrugte- en Logistieke Divisies. Die verbetering in die Vrugtedivisie was hoofsaaklik die gevolg van die Suid-Afrikaanse uitvoere en die insluiting, vir die eerste maal, van die bedryfsinkomste wat deur plaasbestuursaktiwiteite gegenereer is. Die Logistieke Divisie het uitstekende winste in al sy filiaalmaatskappye behaal, met die hawe-eindpuntgeriewe wat sy hantering van houers en sitrus-sterivolumes beduidend verhoog het.

Die styging in die aandeel van verwante maatskappye se bedryfswins is toe te skryf aan die goeie resultate van ons Hong Kong-onderneming, saam met verbeterde resultate deur ons plaas- en wynbelange, waar verliese in die vorige jaar tot winste in 2008 omgekeer is.

Buitengewone items

Die buitengewone items in 2008 het R3,8 miljoen (2007 : R36,1 miljoen) bedra, soos in die tabel hieronder uiteengesit is.

	2008 R m	2007 R m
Waardedaling van vaste bates: Hawe-eindpuntgeriewe Kaapstad	(0.2)	(32.9)
Waardedaling van klandisiewaarde	(4.4)	(4.0)
Wins met verkoop van vaste bates en beleggings	0.8	0.8
	(3.8)	**(36.1)**

Finansiële inkomste

Netto rente-inkomste het met 38,4% van R26,3 miljoen tot R36,4 miljoen toegeneem. Die styging is die gevolg van die verbeterde netto aanvangskontantposisie en verhoogde rentekoerse in die Suid-Afrikaanse mark, wat gedeeltelik teengewerk is deur dalende rentekoerse internasionaal.

Wins voor belasting

Aangepaste wins voor belasting van R204,5 miljoen is 'n toename van 63,5% teenoor die vorige jaar se syfer van R125,0 miljoen. Soos in die verkorte inkomstestaat uiteengesit, sluit die aangepaste wins voor belasting die waardedalingsverliese, kapitaalwins op die verkoop van beleggings en die Groep se aandeel van belasting van verwante maatskappye uit. Hierdie items word egter ingesluit om die wins voor belasting te bepaal wat in die statutêre inkomstestaat gereflekteer word, wat R195,9 miljoen bedra teenoor die vorige jaar se R83,0 miljoen.

Belasting

Die belastinguitgawe volgens die inkomstestaat het van R32,2 miljoen tot R66,3 miljoen verhoog. Belasting op die onderliggende aktiwiteite het van R42,5 miljoen tot R71,0 miljoen toegeneem, met ‘n effektiewe belastingskoers van 34,7% teenoor 34,0% in die vorige jaar. Die feit dat die effektiewe belastingkoers hoër as die Suid-Afrikaanse belastingkoers van 28% is, is te wyte aan die feit dat ‘n groter gedeelte van die winste verdien is in belasting jurisdiksies waar hoër belastings betaalbaar is.

	2008 R m	2007 R m
Belasting volgens inkomstestaat	66.3	32.2
Belasting van verwante maatskappye	4.7	5.9
	71.0	**38.1**
Aanpassings		
Belastingimpak op waardedaling	-	4.6
Belasting op wins met verkoop van vaste bates	-	(0.2)
Belasting op onderliggende aktiwiteite	**71.0**	**42.5**

Verdienste per aandeel

Die berekening van wesensverdienste per aandeel sluit die buitengewone items wat hierbo genoem word, uit en word hieronder uiteengesit. Wesensverdienste per aandeel het met 64,0% van 20,0 sent tot 32,8 sent verhoog.

	2008 R m	2007 R m
Aangepaste wins voor belasting	204.4	125.0
Onderliggende belastingkoste	(71.0)	(42.5)
Minderheidsgedeelte	(0.1)	(1.2)
Wesensverdienste	**133.3**	**81.3**
Geweegde gemiddelde aantal aandele	406.2	406.2
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**32.8**	**20.0**

Balansstaat

Aandeelhouersekwiteit

Totale ekwiteit toeskryfbaar aan die ekwiteitshouers van die moedermaatskappy het die een miljard-merk verbygesteek en met R213,0 miljoen tot R1 025,0 miljoen toegeneem. Die verhoging in ekwiteit het daartoe gelei dat netto batewaarde (NBW) per gewone aandeel van 199.5 sent in die vorige jaar tot 252.9 sent gestyg het. ‘n Dividend van R28,4 miljoen (7c per aandeel) is ook gedurende die jaar betaal.

Omskakelingsverskille het uit buitelandse beleggings voortgespruit as gevolg van die devaluasie van die Rand teenoor die JPY (70,1%), VSAD (36,1%) en MZM (27,4%), wat die geringe styging teenoor GBP (1,2%) teengewerk het. Gevolglik het omskakelingsverskille met R103,6 miljoen gestyg.

Beweging in aandeelhouersekwiteit:

	2008 R m
Openingsaldo voorheen gerapporteer	812.2
Netto wins vir die jaar	129.5
Direk in ekwiteit erken	8.1
Omskakelingsverskil netto van belasting	103.6
Dividende betaal	(28.4)
Saldo aan die einde van die jaar	**1 025.0**

Kontantvloei

Die Groep se netto kontant en kontantekwivalente het met R148,8 miljoen afgeneem. Dit bestaan uit ‘n R124,5 miljoen kontantuitvloei vir die R25,5 miljoen terugbetaling van rentedraende lenings asook die Groep se terugbetaling van die R99,0 miljoen rentedraende lening wat verband hou met die bemagtigings-transaksie in FPT.

Dividend

Die Maatskappy het voorgestel dat ‘n dividend aan sy aandeelhouer (Capespan Group Beperk) van R28,2 miljoen (2008: R28,4 miljoen) betaal word.

Capespan Group Beperk het op sy beurt voorgestel dat ‘n interim dividend van 8,5 sent per aandeel betaal word aan aandeelhouers wat op 29 Mei 2009 geregistreer is en betaalbaar is op 19 Junie 2009. Dit verteenwoordig ‘n 21% styging in dividende wat aan aandeelhouers betaal is op ‘n jaar-tot-jaar-basis.

Herstrukturering van Aandeelhouding

Die Groep se voorgestelde herstrukturering van aandeelhouding is in Januarie 2009 met ‘n oorweldigende meerderheid deur aandeelhouers goedgekeur. Aanvaarding van die aandele-terugkoopaanbod was 98% en Capespan (Edms) Bpk en Capespan Group Beperk het 99,6 miljoen aandele bekom. Van die aandele wat teruggekoop is, is 75,6 miljoen aandele gekanselleer en die uitgereikte aandelekapitaal het dus tot 331,2 miljoen verminder, waarvan Capespan (Edms) Bpk 9,57% hou.

Die volgende diagram toon die huidige aandeelhoudingstruktuur:



Vooruitsig

Capespan, soos die meeste ander ondernemings, is blootgestel aan die internasionale omgewing. Ons is bewus van die erns van die finansiële krisis wat die wêreld in die gesig staar en die finale impak daarvan is nog nie bekend nie.

Die likiditeit- en kredietkrisis sal op verskillende maniere ‘n invloed op ons markte en kliënte hê en die maatskappy sal aanpasbaar moet bly en by die veranderende vraagpatrone en prysvasstellingstrukture moet aanpas.

Verskeie faktore het in 2008 tot die uitsonderlike finansiële prestasie bygedra. As gevolg van bogenoemde sal daar egter nie op hierdie resultate verbeter word nie en die winste sal onder druk wees in 2009.



Neil Oosthuizen, Besturende Direkteur
Namens die Direksie
25 Maart 2009

Groep Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2008

	2008 R'000	2007 R'000
Inkomste	**2 424 192**	**2 143 697**
Koste van verkope, verspreiding en administratiewe koste	(2 290 184)	(2 068 841)
Ander inkomste	4 710	819
Ander uitgawes	(2 494)	(35 887)
Wins voor finansieringskoste en winste van verwante maatskappye	**136 224**	**39 788**
Finansiële inkomste	86 253	69 614
Finansiële uitgawes	(49 869)	(43 275)
Aandeel in winste van verwante maatskappye	23 334	16 947
Wins voor belasting	**195 942**	**83 074**
Inkomstebelastinguitgawe	(66 321)	(32 221)
Netto wins vir die jaar	**129 621**	**50 853**
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy	129 531	49 625
Minderheidsbelang	(90)	1 228
Netto wins vir die jaar	**129 621**	**50 853**

Verdienste per aandeel

	2008	2007
Geweegde gemiddelde aantal gewone uitgereikte aandele ('000)	406 193	406 193
Basiese verdienste per aandeel (sent)	31.9	12.2
Basiese wesensverdienste per aandeel (sent)	32.8	20.0
Dividend per aandeel (sent)	7.0	6.0

Groep Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2008

	2008 R'000	2007 R'000
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	14 111	40 628
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	(38 439)	(64 192)
Netto kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite	(124 498)	(15 097)
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	**(148 826)**	**(38 661)**
Uitwerking van wisselkoersfluktuasies op kontant en kontantekwivalente	88 674	-
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	260 750	299 411
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	**200 598**	**260 750**

Groep Balansstaat soos op 31 Desember 2008

	Des 2008 R'000	Des 2007 R'000
Bates		
Nie-bedryfsbates	**531 573**	**494 410**
Eiendom, aanleg en toerusting	252 253	259 029
Ontasbare bates	2 811	-
Klandisiewaarde	36 056	38 334
Beleggings in verwante maatskappye	149 792	107 928
Ander finansiële bates	59 027	60 887
Uitgesteldebelastingbates	31 634	28 232
Bedryfsbates	**1 106 587**	**923 005**
Voorraad	18 784	10 624
Inkomstebelasting ontvangbaar	11 466	5 679
Handels- en ander ontvangbare bedrae	656 890	502 681
Kontant en kontantekwivalente	419 447	404 021
Totale bates	**1 638 160**	**1 417 415**
Ekwiteit en laste		
Ekwiteit		
Uitgereikte kapitaal en premie	461 784	461 784
Tesourie-aandele	168	99
Ander reserwes	94 373	3 126
Behoue verdienste	468 660	347 256
Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy	**1 024 985**	**812 265**
Minderheidsbelang	2 887	3 008
Totale ekwiteit	**1 027 872**	**815 273**
Nie-bedryfslaste	**70 314**	**187 363**
Rentedraende lenings	21 638	154 241
Nie-rentedraende lenings	25 370	17 753
Werknemervoordele	10 197	5 423
Uitgesteldebelastinglaste	13 109	9 946
Bedryfslaste	**539 974**	**414 779**
Oortrokke bank en korttermynlenings	218 849	143 271
Rentedraende lenings	15 284	14 796
Inkomstebelasting betaalbaar	32 788	16 526
Handels- en ander betaalbare bedrae	223 711	193 590
Voorsienings	49 342	46 596
Totale ekwiteit en laste	**1 638 160**	**1 417 415**
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**252.9**	**199.5**

Staat van verandering in ekwiteit

GROEP	AANDELE-KAPITAAL R'000	AANDELE-PREMIE R'000	OMSKAKE-LINGS-RESERWES R'000	ANDER RESERWES R'000	BEHOUE VERDIENSTE R'000	TESOURIE-AANDELE R'000	TOTAAL R'000	MINDERHEIDS-BELANG R'000	TOTALE EKWITEIT R'000
	TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS VAN DIE MOEDERMAATSKAPPY								
Saldo 1 Januarie 2007	**4 072**	**457 712**	**-**	**3 895**	**324 238**	**40**	**789 957**	**(2 360)**	**787 597**
Wins vir die jaar	-	-	-	-	49 625	-	49 625	1 228	50 853
Direk in ekwiteit erken – verwante maatskappye	-	-	1 045	(769)	-	-	276	211	487
Filiaalmaatskappy verkry	-	-	-	-	-	-	-	4 622	4 622
Omskakelingsverskil - filiaalmaatskappye	-	-	(3 221)	-	-	-	(3 221)	-	(3 221)
Oordrag na/(vanaf) reserwes	-	-	2 176	-	(2 176)	-	-	-	-
Dividend betaal	-	-	-	-	(24 431)	59	(24 372)	(693)	(25 065)
Saldo 31 Desember 2007	**4 072**	**457 712**	**-**	**3 126**	**347 256**	**99**	**812 265**	**3 008**	**815 273**
Netto wins vir die jaar	-	-	-	-	129 531	-	129 531	90	129 621
Direk in ekwiteit erken – verwante maatskappye	-	-	7 366	689	42	-	8 097	373	8 470
Filiaalmaatskappy verkoop	-	-	-	-	-	-	-	84	84
Belasting oorgedra na omskakelingsreserwe	-	-	(22 913)	-	-	-	(22 913)	-	(22 913)
Omskakelingsverskil - filiaalmaatskappye	-	-	126 439	-	-	-	126 439	-	126 439
Oordrag (vanaf) / na reserwes	-	-	(20 334)	-	20 334	-	-	-	-
Dividend betaal	-	-	-	-	(28 503)	69	(28 434)	(668)	(29 102)
Saldo 31 Desember 2008	**4 072**	**457 712**	**90 558**	**3 815**	**468 660**	**168**	**1 024 985**	**2 887**	**1 027 872**

CAPESPAN

CAPESPAN GROUP HOLDINGS BEPERK

Registrasienommer:1997/018433/06

www.capespan.com